Industry allocated project number	PHI allocated project number

SATI	CFPA	SAAPPA/SASPA	DFTS	Winetech
tarryn@satgi.co.za Tel: 021 863-0366	inmaak@mweb.co.za Tel: 021 872-1501	theresa@hortgro.co.za Tel: 021 882-8470	dappies@dtd.co.za Tel: 021 870 2900	andraga@winetech.co.za Tel: 021 276 0499
				✓

Indicate (X) client(s) to whom this concept project proposal is submitted. Replace any of these with other relevant clients if required.

NB: The instructions in red, throughout the template, should be omitted from the final document.

FINAL REPORT
(2010 - 2015)

1. PROGRAMME AND PROJECT LEADER INFORMATION

	Research Organisation Programme leader	Research Team Manager	Project leader
Title, initials, surname			Mnr J F Viljoen
Present position			Bestuurder: Konsultasiediens
Address			VinPro Konsultasiediens Posbus 1411 Suider-Paarl 7624
Tel. / Cell no.			083 309 7627
Fax			086 611 7510
E-mail			viljoenf@vinpro.co.za
	Co-worker	**Student**	
Title, initials, surname			
Present position			
Address			
Tel. / Cell no.			
Fax			
E-mail			

2. PROJECT INFORMATION

Research Organisation Project number	T-O / SPROG
Project title	Tegnologie-oordrag Streeksprogram
Short title	

Fruit kind(s)	Wyndruiwe		
Start date (mm/yyyy)	01/2010	**End date** (mm/yyyy)	12/2015

Key words	

Approved by Research Organisation Programme leader (tick box) ☐

THIS REPORT MUST INCLUDE INFORMATION FROM THE **ENTIRE** PROJECT

This document is confidential and any unauthorised disclosure is prohibited

1. EXECUTIVE SUMMARY

Die Tegnologie-Oordrag Streeksprogram is een van die belangrikste TO-projekte in die wynbedryf wat op ’n pro-aktiewe wyse verseker dat wingerdkundige navorsingsbevindinge wat deur Winetech-befondsde projekte gegenereer is, beskikbaar gestel word aan wynprodusente, wingerdboukundiges en wynmakers op streeksvlak.

Die projek behels die instandhouding van TO-strukture in elke wynstreek deur middel van die hou van twee streeksinligtingsdae per jaar en wingerdstudiegroepe wat as platform dien vir die oordra van tegnologie deur navorsers en/of kundiges volgens streeksbehoeftes. ’n Behoeftebepaling ten opsigte van navorsingsprojekte en/of -inligting op streeksvlak word ook jaarliks gedoen wat aan die onderskeie Winetech-projek komitees gekommunikeer word.

Belangrikste uitsette in die verslagperiode:

Daar is in totaal:

- **84** Streeksinligtingsdae in **8** wynstreke aangebied wat deur **5 146** persone bygewoon is teen ’n gemiddeld van **61** persone per byeenkoms
- **183** Studiegroep-byeenkomste is gehou by hoofsaaklik **4** streekswingerdstudiegroepe wat deur **2 573** hoofsaaklik wingerdboukundiges bygewoon is
- **181** Plaasbesoeke is gedoen by histories-benadeelde produsente om ook direkte tegnologie-oordrag te doen
- 3 Populêre grondpublikasies genaamd *Katena* het die lig gesien en die hersiene weergawe van *Bemestingsriglyne vir Wyndruiwe* sal einde Maart beskikbaar wees.

Die impak van die projek is moeilik bepaalbaar en sal op ’n wetenskaplike wyse gemeet moet word. ’n Opname onder produsente wat reeds in 4 streke gedoen is in 2015 het aangedui dat 51% van die respondente die streeksinligtingsdae bygewoon het; nog 40% al van die dae bygewoon het en slegs 9% nog glad nie van die dae bygewoon het nie.

Van die persone wat die dae al bygewoon het:

- Het 68% gesê dat die dae se impak uiters tot baie leersaam en waardevol is en dat hulle nie die dae misloop nie.
- 55% van hulle het al ’n paar praktiese aanpassings ten opsigte van wingerdbestuurspraktyke gemaak en 31% het al redelik baie aanpassings gemaak na gelang van inligting by die dae ontvang.

This document is confidential and any unauthorised disclosure is prohibited

2. PROBLEM IDENTIFICATION AND OBJECTIVES

Die TO-program op streeksvlak het hoofsaaklik ten doel om amptelike TO-strukture (streeksinligtingsdae en wingerdstudiegroepe) in elke wynstreek in stand te hou, wat die platform sal dien om onder meer:

- Wingerdkundige navorsingsresultate van Winetech-befondsde projekte aan produsente, wingerdkundiges en wynmakers oor te dra
- Algemene inligting aan wynprodusente oor te dra
- Aktuele en navorsings- asook inligtingsbehoeftes rakende wingerdkundige knelpunte/probleme op streeksvlak te identifiseer en aan navorsingspersoneel deur te gee
- Algemene en intydse inligting, kennis en ondervinding in te win, te deel asook tot die streek aan te pas deur middel van studiegroepe
- Geallokeerde tyd aan HDI-projekte (Historical Disadvantaged Individuals) en plaas-/kelderbesoeke af te staan.

Die TO-program op streeksvlak het ook ingesluit:

- ’n Herevalueringsoefening deur grondkundiges om die bemestingshandleiding van 1994 vir wyndruiwe op te dateer
- Samestelling van populêre publikasies (*Katena*) om gepaste grondkundige kennis te vervat vir elke wynproduserende area in die Wes-Kaap.

This document is confidential and any unauthorised disclosure is prohibited

3. ACCUMULATED OUTPUTS

a) Streeksinligtingsdae

- Die mikpunt is om twee inligtingsdae per streek per jaar te hou, met die uitsondering van die Oranjerivier-streek, waar slegs een jaarliks gehou word sedert 2014.

Tydperk	Oranjerivier	Olifantsrivier	Swartland	Paarl	Stellenbosch	Worcester	Robertson	Klein Karoo	Totale Bywoning per jaar	*Gemid. Bywoning per byeenkoms*
2010	65	40			130	119	63		729	*66.3*
		30	23	84	75	59		41		
2011	62	100			145	96	77	54	1010	*72.1*
	73	68	38	55	92	82	37	31		
2012	70	130	40	70	112	100	77	43	951	*63.4*
	75	43		53	45	35	35	23		
2013	85	26	28	35	137	75	56	32	929	*58.1*
	110	24	33	20	120	90	34	24		
2014		30	70	[70]	100	50	42	42	848	*60.6*
	110	130	23	40	90	55	40	26		
2015	55	30	25	68	90	60	32	40	679	*48.5*
		28	45	[45]	80	60	42	24		
Totale bywoning per streek	705	679	325	425	1216	881	535	380	**5146**	*61.5*
Gemid. Bywoning per streek	*78*	*57*	*36*	*53*	*101*	*73*	*49*	*35*		
Totale aantal byeenkomste **= 84**										

This document is confidential and any unauthorised disclosure is prohibited

b) Wingerdstudiegroep-byeenkomste

- **8** streekswingerdstudiegroepe bestaan wat poog om 3 - 4 byeenkomste per jaar te hou.

Wingerd Studiegroepe	
Streek	**Studiegroepe**
Worcester	Vitis Wingerdkundiges
Paarl/Stb/Well	Boberg Wingerdkundiges Helderberg Produsente: Stellenbosch Simonsberg Produsente: Stellenbosch Franschhoek Produsente: Paarl
Robertson	Robertson Wynvallei Wingerdkundiges
Olifants	Olifantsrivier Wingerdkundiges en Wynmakers
Klein Karoo	Montagu Produsente

- Die volgende studiegroep-byeenkomste het in die verslagperiode plaasgevind:

Wingerdstudiegroep-byeenkomste			
Jaar	**Aantal byeenkomste**	**Bywonings getalle**	**Gem. bywoning per studiegroep-byeenkoms**
2010/11	44	547	*12.4*
2011/12	41	621	*15.1*
2012/13	28	318	*11.4*
2013/14	39	857	*22*
2014/15	31	230	*7.4*
Totaal	**183**	**2 573**	*13.66*
Gemiddeld per jaar	***37***	***515***	

This document is confidential and any unauthorised disclosure is prohibited

c) Hulpbron-beperkte produsente-aksies (Histories-benadeelde individue)

- Plaasbesoeke: Hierdie plase is hoofsaaklik in die Stellenbosch- Klein Karoo- en Robertson-streke geleë.

Histories-benadeelde Plaasbesoeke	
Jaar	**Aantal Besoeke**
2010	41
2011	34
2012	32
2013	30
2014	12
2015	32
Totaal	**181**

- In 2013 is daar ook begin om kursusse aan te bied vir plaaswerkers waaraan heelwat tyd afgestaan is.

d) Grondkundige projekte:

2 Groot projekte is in die verslagperiode aangepak deur Braham Oberholzer, VinPro-grondkundige, wat as projekleier opgetree het, naamlik:

1) *Katena*-publikasies

Oor 'n tydperk van 7 jaar, wat strek sedert 2007 tot en met 2013, het 5 grondassosiasie-publikasies die lig gesien. Dit het heelwat skakeling met rolspelers in die bedryf rondom verkryging van die inhoudelike van die publikasie ingesluit. Met die eerste uitgawes van die Breedekloof, Stellenbosch en Swartland het kundiges soos wyle Paul Feyt en wyle dr Jan Lambrechts, asook dr Freddie Ellis groot insette gelewer om die geloofwaardigheid van die projek te verseker. Met die Olifantsrivier het veral wyle Paul Feyt baie insette gelewer terwyl Dawid Saayman dieselfde met die Overberg-publikasie gedoen het. Die geologiese beskrywings is deurlopend deur John Wooldridge hanteer. Die GIS-kundigheid van Heinrich Schloms was onontbeerlik vir die daarstel van hierdie publikasies. Verkope doen baie goed en veral die elektroniese weergawes vind goeie aanklank by kliënte, spesifiek by wynplase wat nie

This document is confidential and any unauthorised disclosure is prohibited

oor grondkaarte beskik nie. Daar was versoeke om areas soos die Klein Karoo te dek, asook om te kyk na die haalbaarheid daarvan om al die weergawes in een publikasie saam te stel.

2) Bemestingsriglyne vir die wynbedryf (hersiene uitgawe)

Hierdie projek het ten doel gehad om die 1994 uitgawe te hersien en moontlike veranderings aan te bring sodat dit as nuutgevonde bedryfsdokument daar gestel kan word. Hoofstukke is per skrywer hanteer, waarvoor elkeen erkenning ontvang. Die bedryf is goed verteenwoordig in die hersiene weergawe met Braham Oberholzer en Francois Viljoen van VinPro aan die bedryfskant, dr Pieter Raath van Bemlab aan die laboratorium-/ontledingskant, Bennie Diedericks en Andries Stofberg van die misstof-verskaffingskant en privaat konsultante soos Dawid Saayman en dr Kobus Conradie wat waardevolle insette gelewer het met jare se navorsingsondervinding. Die publikasie word deur Villa Crop geborg en sal middel Maart in beide Afrikaanse en Engelse weergawes beskikbaar gestel word.

e) Ander aksies:

In April 2013 is 5 vergaderings op versoek van Winetech se Wingerdkunde-komitee gehou, waartydens progressiewe produsente in ’n streek uitgenooi is om die implementering van ’n rolblaar/virus-beheerstrategie op hul plase te bespreek. Redes vir stadige of geen implementering is spesifiek bespreek en deur prof Gerhard Pietersen gefasiliteer. **101** Produsente en Wingerdboukundiges het hierdie vergaderings bygewoon.

4. PUBLICATIONS

- Publikasies het hoofsaaklik oor nuusberigte rakende die streeksinligtingsdae beskik, insluiten die sprekers en temas/onderwerpe. Hierdie het spesifiek in die Wynboer Tegnies verskyn en word in **Bylaag A** weergegee.
- In totaal het **28** berigte gedurende die verslagperiode in hierdie tydskrif verskyn.

This document is confidential and any unauthorised disclosure is prohibited

5. BUDGET

a) TOTAL COST SUMMARY OF THE PROJECT

YEAR	Winetech	OTHER	TOTAL
2010	956 450	79 463.51	1 035 914
2011	1 038 800	83 363.47	1 122 163
2012	1 000 000	38 328.94	1 038 329
2013	915 750	100 986.70	1 016 737
2014	781 750	87 705.60	869 455.60
2015	1 105 650	86 399.28	1 192 049
Totaal	**5 798 400**	**476 247.50**	**6 274 647.60**

Opmerkings:

- Buiten die tydskontraktering van VinPro se streekswingerdkonsultante wat spandeer word om die Winetech-befondste TO-strukture in elke wynstreek te bestuur, word die direkte uitgawes van die streeksinligtingsdae gedek deur:
  - Inskrywingsfooie, wat wissel van R80 tot R150 per persoon na gelang van die kostes van sprekers, lokale en verversings
  - Borge wat gewerf word deur VinPro streekswingerdkonsultante om inskrywingsfooie so laag moontlik te hou.

- Die beginsel is om nie wins te maak uit die aanbied van die inligtingsdae nie, maar die dae slegs teen ’n gelykbreek koers aan te bied.

This document is confidential and any unauthorised disclosure is prohibited

Bylae A: Nuus Berigte/Artikels m.b.t - Streeksinligtingsdae: Winetech Tegnies			
Jaar	**Maand**	**Aantal**	**Tema/Onderwerpe**
2010	Desember	1	Die effektiewe gebruik van water en elektrisiteit
2010	Augustus	1	Winetech se struktuur/funksie in die wynbedryf
			Fitoplasma navorsing
			Voorkoms van wortel en stamsiektes in wingerd
			Samevatting van die rolblaar navorsing oor die afgelope 10 jaar
2010	April	1	Van grond tot glas: Fokus op organiese en biologiese boerderypraktyke
2011	Februarie	1	Meganisasie
2011	Januarie	1	Optimale water- en elektrisiteitsbestuur vir wingerdboere
2011	Januarie	1	Optimale rypheid by wyndruiwe
2012	November	1	Verskeie onderwerpe
2012	Augustus	1	Besproeiingskedulering by wingerd
2012	April	1	Biologiese grondbestuur in die Swartland
2012	Maart	1	Gesonde grondpraktyke in Worcester
2012	Maart	1	Rolblaar bekyk in Robertson
2012	Februarie	1	Doelwitgedrewe prieelstelsels in die Klein Karoo
2012	Februarie	1	Alternatiewe prieelstels in djie Paarl
2012	Januarie	1	Skerp wingerdpraktyke op in Stellenbosch
2013	November	1	Wingerdsiekte- en plaagbeheer
2013	Oktober	1	Aalwurms
2013	September	1	Yvette van der Merwe: Nuutste inligting rondom plaaslike en internasionale voorraadvlakke
			Pieter van Niekerk: Die impak van die verhoogde minimum loon
			Erhard Wolf: Plaaslike wynmark bespreek en watter kultivars aangeplant moet word in Robertson Wynvallei
			Rico Basson: Suid-Afrikaanse wynbedryf - is die glas halfvol of halfleeg?
2013	Maart	1	Niel Kruger: rol van verskillende dekgewasse bekend vir hulle berokingspotensiaal op die onderdrukking van nematodes
			Johan Fourie: Volhoubare deklaagbewerking
			Braham O: Aspekte rondom stistofbemesting
			Bennie Diedericks: Mis as bron van voedingstowwe en organiese materiaal
2013	Maart	1	Nuutste beheeropsies van plaaginsekte sowel as wingerdswamsiektes
2013	Maart	1	Winsgewende wyndruifproduksie in die Swartland - is dit moontlik?
2013	Januarie	1	Besproeiing en bemesting
2013	Januarie	1	Worcester Breedkloof dag: Verskeie temas
2014	November	1	Vrugtevlieg beheer in Klein Karoo
2014	Oktober	1	Meganisasie
2014	Oktober	1	Effektiewe wingerdpraktyke in Robertson
2014	September	1	Alternatiewe opleistelsels
2014	Augustus	1	Effektiewe bestryding van vrugtevlieg in wingerde
2015	Augustus	1	Effektiewe beheer van weerstandbiedende onkruide
TOTAAL		**28**	**Berigte verskyn in Wynboer/Winetech Tegnies**

This document is confidential and any unauthorised disclosure is prohibited